Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2020

ÉcoleBooks

# GEOGRAFIE V1

**PUNTE:** **225**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit vier vrae.

2. Beantwoord enige DRIE vrae van 75 punte elk.

3. Alle diagramme is in die BYLAAG ingesluit.

4. Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik word.

5. Los ŉ reël oop tussen onderafdelings van vrae wat beantwoord word.

6. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

7. Moet NIE in die kantlyn van die ANTWOORDEBOEK skryf NIE.

8. Illustreer jou antwoorde met geannoteerde diagramme waar nodig.

9. Die puntetoekenning is soos volg: (2 x 1) (2) beteken dat TWEE feite vereis word vir EEN punt elk.
   (2 x 2) (4) beteken dat TWEE feite vereis word vir TWEE punte elk

10. Wanneer woorde/aksie werkwoorde soos **noem**, **identifiseer**, **verskaf**, **klassifiseer** in ŉ vraag gebruik word, is EENWOORD antwoorde aanvaarbaar.
    Wanneer woorde/aksie werkwoorde soos **bespreek**, **definieer**, **verduidelik**, **lewer kommentaar**, **evalueer**, **regverdig**, **stel voor** en **staaf** in ŉ vraag gebruik word, word VOLSINNE of frases verwag.
    Alle paragraaftipe vrae moet in VOLSINNE beantwoord word.

11. Skryf netjies en leesbaar.



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING A: KLIMAAT, WEER EN GEOMORFOLOGIE

### VRAAG 1

1.1 Verwys na FIGUUR 1.1 wat winde wat met valleiklimate geassosieer word, toon. Pas die onderstaande stellings by ŉ tipe wind (**A** of **B**). Skryf slegs die letter langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.7) in jou ANTWOORDEBOEK neer.

1.1.1 Kan ook as ŉ helling stygende wind beskryf word

1.1.2 Word met die vorming van rypholtes geassosieer

1.1.3 Dra rook wat deur industrieë vrygestel word, na die boonste deel van die atmosfeer

1.1.4 Vang besoedelde stowwe vas en veroorsaak rookmis

1.1.5 Waai gedurende die dag

1.1.6 Hierdie wind het ŉ negatiewe impak op nedersettings op die valleivloer

1.1.7 Kan ook as ŉ helling afwaartse wind beskryf word (7 x 1) (7)

1.2 Kies ŉ term uit KOLOM B wat by die geomorfologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.2.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Gebied wat deur ŉ rivier en sy sytakke gedek word | A | waterskeiding |
| 1.2.2 | Boonste vlak van grondwater | B | episodies |
| 1.2.3 | Area vanwaar ŉ rivier sy water trek | C | tralie |
| 1.2.4 | Riviere wat slegs na swaar reënval vloei | D | reghoekig |
| 1.2.5 | ŉ Dreineringspatroon wat in plooiberge ontwikkel | E | abstraksie |
| 1.2.6 | ŉ Dreineringspatroon wat in stollings-gesteentes met baie nate ontwikkel | F | dreineringsbekken |
| 1.2.7 | Riviere wat hul oorsprong in gebiede met hoë reënval het | G | opvangs |
| 1.2.8 | Die proses waarby ŉ waterskeiding sy posisie verander | H | eksoties |
| | | I | watertafel |

(8 x 1) (8)

1.3 FIGUUR 1.3 toon die impak van tropiese siklone op kusgebiede.

1.3.1 Noem die ontwikkelingsfase van die tropiese sikloon wat deur FIGUUR 1.3 uitgebeeld word. (1 x 1) (1)

1.3.2 Noem die belangrikste effek van tropiese siklone op kusstreke soos in foto **A** aangetoon. (1 x 1) (1)

1.3.3 Waarom ontbind 'n tropiese sikloon wanneer dit land bereik? (2 x 1) (2)

1.3.4 Bespreek TWEE weerstoestande wat met hierdie stadium van die tropiese sikloon verband hou (jou antwoord op VRAAG 1.3.1). (2 x 2) (4)

1.3.5 Verwys na skets **B.**

(a) Wat is *stormdeining*? (1 x 1) (1)

(b) Bespreek hoe die gevaarlike halfsirkel (voorste linkerkwadrant) tot die vorming van stormdeinings sou bydra. (1 x 2) (2)

(c) Verduidelik die negatiewe impak wat tropiese siklone op toerisme in 'n land sal hê. (2 x 2) (4)

1.4 FIGUUR 1.4 is 'n satellietbeeld van lyndonderstorms.

1.4.1 Wat is die *vogfront*? (1 x 1) (1)

ÉcoleBooks

1.4.2 Noem TWEE bewyse op die satellietbeeld wat daarop dui dat lyndonderstorms in plaas van normale donderstorms voorkom. (2 x 1) (2)

1.4.3 Bespreek waarom meer wolke na die ooste in plaas van die weste voorkom. (2 x 2) (4)

1.4.4 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik hoe die ligging van die antisiklone in somer die vorming van lyndonderstorms bevorder. (4 x 2) (8)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



1.5 FIGUUR 1.5 toon rivier-verjonging.

1.5.1 Wat is *rivier-verjonging*? (1 x 1) (1)

1.5.2 Verskaf bewyse wat aandui dat rivier-verjonging plaasgevind het. (2 x 1) (2)

1.5.3 Bespreek TWEE oorsake van rivier-verjonging. (2 x 2) (4)

1.5.4 Stel TWEE redes voor vir die verlate terras op die skets. (2 x 2) (4)

1.5.5 Verduidelik die negatiewe impak wat 'n verjongde landskap op boerdery-aktiwiteite sal hê. (2 x 2) (4)

1.6 Bestudeer FIGUUR 1.6, foto's (**A** en **B**) van rivierafvoer.

1.6.1 Wat is *rivierafvoer*? (1 x 1) (1)

1.6.2 Noem die tipes afvoer sigbaar in foto's **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 1) (2)

1.6.3 Beskryf die verskil in afvoer wat sigbaar in foto's **A** en **B** is. (2 x 1) (2)

1.6.4 Waarom sou die tipe rivierafvoer, sigbaar in foto **A**, voordeliger vir boere wees? (1 x 2) (2)

1.6.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, bespreek hoe rivierafvoer die verskillende fases/stadiums van 'n rivier sal beïnvloed. (4 x 2) (8)

**[75]**

## VRAAG 2

2.1 Kies ŉ term uit KOLOM B wat by die klimatologiese beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.1.9 J.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Klein, swak ontwikkelde sel wat van die weskus na die ooskus beweeg | A | polêre front |
| 2.1.2 | Beskryf dalende lug wat elke 100 m met 1 °C verhit | B | aspek |
| 2.1.3 | Sone waar tropiese westewinde en polêre oostewinde ontmoet | C | mikroklimaat |
| 2.1.4 | Antiklokse beweging van lug in die noordelike halfrond | D | orkaan |
| 2.1.5 | Word met skoon en stabiele weerstoestande geassosieer | E | sikloon |
| 2.1.6 | Studie van klimaat in ŉ klein gebied | F | kuslaag |
| 2.1.7 | Die naam wat aan ŉ tropiese sikloon in Noord-Amerika gegee word | G | tifoon |
| 2.1.8 | Die hoek waarteen die sonstrale ŉ helling tref | H | DAVT |
| | | I | antisikloon |

(8 x 1) (8)

ÉcoleBooks

2.2 Verwys na FIGUUR 2.2. Pas die onderstaande stellings met die bo-, middel- of benedeloop van die rivier. Skryf slegs die korrekte loop van die rivier langs die vraagnommer (2.2.1–2.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.2.1 Die vallei is V-vormig en steil

2.2.2 Deltas en gevlegte strome is algemene fluviale landvorme

2.2.3 Laterale erosie domineer

2.2.4 Vertikale erosie domineer

2.2.5 Die rivier en groter strome begin om te meander

2.2.6 Tydelike erosiebasisse soos watervalle en stroomversnellings kom hier voor

2.2.7 Hierdie loop word met ŉ permanente erosiebasis geassosieer

(7 x 1) (7)

Kopiereg voorbehou



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



2.3 Lees die uittreksel in FIGUUR 2.3 wat na middelbreedte-siklone verwys.

2.3.1 Wat is 'n *kouefront*? (1 x 1) (1)

2.3.2 Hoe vorm kouefronte? (1 x 2) (2)

2.3.3 Haal bewyse uit die uittreksel aan, wat daarop dui dat hierdie koue front die hele land sal beïnvloed. (1 x 2) (2)

2.3.4 Bespreek die verhouding tussen kouefronte en baie swaar reën. (1 x 2) (2)

2.3.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die ekonomiese impak wat sneeu en swaar reënval op die land sal hê. (4 x 2) (8)

2.4 FIGUUR 2.4 toon die klimaatverskille tussen landelike en stedelike gebiede.

2.4.1 Noem EEN klimaatelement sigbaar op die skets wat die verskil tussen landelike en stedelike gebiede aantoon. (1 x 1) (1)

2.4.2 Waarom kan ons die toestand wat in die skets oor die stad uitgebeeld word, beskryf as 'n hitte-eiland en nie 'n besoedelingskoepel nie? (1 x 2) (2)

2.4.3 Verduidelik hoe stedelike aktiwiteite die temperature in die stad verhoog. (2 x 2) (4)

ÉcoleBooks

2.4.4 Gee rekenskap vir die feit dat die stad meer reënval as landelike gebiede ontvang, alhoewel meer verdamping in die landelike gebiede plaasvind. (2 x 2) (4)

2.4.5 Bespreek hoe die hitte-eiland die gesondheid van mense kan affekteer. (2 x 2) (4)

2.5 FIGUUR 2.5 is op TWEE (**A** en **B**) fluviale landvorme gebaseer.

2.5.1 Watter bewyse dui daarop dat hierdie twee fluviale landvorme in die benedeloop van die rivier gevorm het? (1 x 1) (1)

2.5.2 Identifiseer die TWEE fluviale landvorme in sketse **A** en **B** onderskeidelik. (2 x 1) (2)

2.5.3 Hoe het fluviale landvorm **A** ontwikkel? (2 x 2) (4)

2.5.4 Bespreek die formasie van fluviale landvorm **B**. (2 x 2) (4)

2.5.5 Verduidelik die impak van fluviale landvorm **B** op landbou-aktiwiteite. (2 x 2) (4)

2.6 Bestudeer FIGUUR 2.6 wat op dreineringsdigtheid gebaseer is.

2.6.1 Wat is *dreineringsdigtheid*? (1 x 1) (1)

2.6.2 Klassifiseer die dreineringsdigtheid by **A** en **B** in hoog of laag onderskeidelik. (1 x 2) (2)

2.6.3 Bespreek hoe die verwydering van plantegroei die dreineringsdigtheid by **A** sal affekteer. (2 x 2) (4)

2.6.4 In ŉ paragraaf van AGT reëls, bespreek die faktore wat die dreineringsdigtheid by **B** veroorsaak het. (4 x 2) (8)

**[75]**

ÉcoleBooks



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## AFDELING B: NEDERSETTINGS EN DIE EKONOMIESE GEOGRAFIE VAN SUID-AFRIKA

### VRAAG 3

3.1 Kies die korrekte woord(e) uit die wat tussen hakies verskaf word. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (3.1.1–3.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

3.1.1 Die ligging van ŉ nedersetting in verhouding tot die omliggende omgewing staan as (standplaas/situasie) bekend.

3.1.2 (Onteiening/Restitusie) is ŉ grondhervormingsbeleid wat mense vergoed vir grond wat hulle tydens apartheid verloor het.

3.1.3 Bosbou is ŉ dominante ekonomiese aktiwiteit in (landelike/stedelike) nedersettings.

3.1.4 (Kleinskaalse-/Grootskaalse-) boerdery beslaan groot stukke grond en het ŉ hoë opbrengste per hektaar.

3.1.5 ('Breindrein/Helder ligte') word beskou as ŉ belangrike gevolg van mense wat landelike gebiede verlaat.

3.1.6 (Standplaas/Situasie) is die presiese fisiese landskap waarop ŉ nedersetting gebou is.

ÉcoleBooks

3.1.7 Kruispad-nedersettings kan (halfsirkelvormig/stervormig) wees.

3.1.8 (Vigs/Gronderosie) is ŉ belangrike kwessie van sosiale geregtigheid in landelike gebiede. (8 x 1) (8)

3.2 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (3.2.1–3.2.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 3.2.8 A.

3.2.1 Die Saldanhabaai-IOS konsentreer op die ... -sektor.

A motorvoertuig
B olie- en gas
C aluminium
D toerisme

3.2.2 ... -industrieë is geleë tussen die bron van grondstowwe en die verbruiker.

A Ongebonde
B Markgeoriënteerde
C Brug
D Grondstofgeoriënteerde

3.2.3 Die platinum ROI word hoofsaaklik bevoordeel deurdat dit toegang tot ... het.

A minerale
B geskoolde arbeid
C steenkoolvelde
D hawens

3.2.4 ŉ Suikermeule is ŉ voorbeeld van ŉ ... -industrie.

A ongebonde
B alomteenwoordige
C grondstofgeoriënteerde
D markgeoriënteerde

3.2.5 Die … was ŉ post-apartheid strategie vir industriële ontwikkeling wat werkskepping en buitelandse belegging wou bewerkstellig.

A Nasionale Ontwikkelingsplan
B GEAR
C HOP
D Goeie Hoop-plan

3.2.6 Die platinum ROI is in die ... provinsie geleë.

A Gauteng
B Noordwes
C Oos-Kaap
D KwaZulu-Natal

ÉcoleBooks

3.2.7 Industriële ontwikkelingsones fokus hoofsaaklik op ...

A internasionale invoere.
B toerisme.
C internasionale uitvoere.
D landbou. (7 x 1) (7)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



3.3 FIGUUR 3.3 toon ʼn foto wat stedelike verval uitbeeld.

3.3.1 Beskryf hoe die foto stedelike verval uitbeeld. (1 x 1) (1)

3.3.2 Noem TWEE oorsake van stedelike verval. (2 x 1) (2)

3.3.3 Waarom is dit moeilik vir plaaslike owerhede om stedelike verval te bestuur? (1 x 2) (2)

3.3.4 Bespreek hoe fasadisme deur plaaslike owerhede gebruik kan word om stedelike verval te verlig. (1 x 2) (2)

3.3.5 In ʼn paragraaf van ongeveer AGT reëls verduidelik die ekonomiese belangrikheid van stedelike hernuwing vir stedelike gebiede. (4 x 2) (8)

3.4 Verwys na FIGUUR 3.4, 'n artikel oor verstedeliking van die wêreldbevolking.

3.4.1 Wat is *verstedeliking*? (1 x 1) (1)

3.4.2 Volgens die artikel, hoeveel mense woon tans in stede? (1 x 1) (1)

3.4.3 Haal EEN dinamika (proses van verandering) van verstedeliking in die artikel aan. (1 x 1) (1)

3.4.4 Beskryf hoe die proses van stedelike groei die bevolking van stedelike gebiede kan verhoog. (1 x 2) (2)

ÉcoleBooks

3.4.5 Hoe kan verstedeliking met die groei van informele nedersettings geassosieer word? (1 x 2) (2)

3.4.6 Verduidelik waarom aansteeklike siektes (soos die korona-virus) vinnig in informele nedersettings van Suid-Afrika kan versprei. (2 x 2) (4)

3.4.7 Bespreek die negatiewe impak wat ʼn toename in die verstedelikingskoers op stedelike gebiede kan hê (2 x 2) (4)

3.5 Bestudeer die infografiek (FIGUUR 3.5) van goudmynbou in Suid-Afrika.

3.5.1 Noem die neiging in goudproduksie sedert 1970. (1 x 1) (1)

3.5.2 Volgens die uittreksel, wat is die negatiewe kwessies in goudmynbou? (2 x 1) (2)

3.5.3 Bespreek EEN fisiese (natuurlike) faktor wat verantwoordelik sou kon wees vir die neiging soos in VRAAG 3.5.1 aangedui. (1 x 2) (2)

3.5.4 Hoe kan ‘digitale tegnologie’ ʼn negatiewe impak op goudmynbou hê? (1 x 2) (2)

3.5.5 Bespreek moontlike maniere waarop mynwerkers die produksie van goud in myne kan belemmer. (2 x 2) (4)

3.5.6 Verduidelik enkele aansporings (motivering) wat myneienaars aan mynwerkers kan voorstel om die produksie van goud in ons myne te verbeter. (2 x 2) (4)

3.6 FIGUUR 3.6 is 'n gevallestudie gebaseer op die strategieë vir nywerheidsontwikkeling: Richardsbaai.

3.6.1 In watter provinsie is Richardsbaai geleë? (1 x 1) (1)

3.6.2 Noem die nuwe belegging in Richardsbaai wat in die uittreksel genoem word. (1 x 1) (1)

3.6.3 Noem EEN voordeel van hierdie nuwe belegging vir die inwoners van Richardsbaai. (1 x 1) (1)

3.6.4 Bespreek watter fisiese (natuurlike) faktore het Richardsbaai 'n aantreklike ligging vir hierdie belegging gemaak. (2 x 2) (4)

3.6.5 Ondanks hierdie belegging (genoem in die gevallestudie), ondervind die plaaslike ekonomie steeds baie uitdagings. In 'n paragraaf van AGT reëls, verduidelik die uitdagings wat die Richardsbaai ROI ervaar. (4 x 2) (8)
**[75]**

## VRAAG 4

ÉcoleBooks

4.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.1–4.1.7) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 4.1.8 A.

4.1.1 Die ordening van nedersettings van die kleinste tot grootste, volgens beskikbare funksies verwys na ...

A ongebreidelde stedelike uitbreiding.
B stedelike uitbreiding.
C stedelike hiërargie.
D stedelike groei.

4.1.2 Die … grondgebruiksone is die toeganklikste en het die hoogste geboudigtheid.

A lae inkomste residensiële
B sentrale sakekern
C landelik-stedelike oorgangsone
D hoë inkomste residensiële



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.1.3 ŉ ... -strateplan (patroon) het paaie wat vanaf ŉ sentrale punt uitstraal.

A Onbeplande onreëlmatige
B Rooster
C Beplande onreëlmatige
D Radiale

4.1.4 Die ... grondgebruiksmodel is buigsaam en verteenwoordig baie stede in die ontwikkelde wêreld.

A konsentriese
B sektor
C veelvuldigekern
D verstedeliking

4.1.5 Die minimum aantal kliënte wat nodig is om ŉ onderneming winsgewend te maak, word die ... genoem.

A drempelbevolking
B reikwydte
C invloedsfeer
D mark

4.1.6 ... dorpe is stedelike nedersettings met een dominante funksie.

A Aansluiting
B Gespesialiseerde
C Sentraleplek
D Handel en vervoer

ÉcoleBooks

4.1.7 Kleinhandelondernemings wat langs hoofpaaie met massiewe parkeerplek gevind word, staan as ... winkelsentrums bekend.

A primêre subsentrum
B beplande buurt-
C kommersiële lint-
D beplande streek- (7 x 1) (7)

4.2 Kies die korrekte woord(e) uit die wat tussen hakies gegee word om elk van die stellings WAAR te maak. Skryf slegs woord(e) langs die vraagnommer (4.2.1–4.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer.

4.2.1 Die (handel-/betaling-) balans is die verskil in waarde tussen die invoer en uitvoer van 'n land.

4.2.2 Geen toegang tot voedsame voedsel vir mense in ŉ land staan as (voedselsekerheid/voedselonsekerheid) bekend.

4.2.3 ŉ (Ongunstige/Gunstige) handelsbalans bestaan as die uitvoerwaarde groter as die invoerwaarde is.

4.2.4 (BBP/BNP) verwys na die totale waarde van goedere en dienste wat in een jaar deur die permanente inwoners in ŉ land geproduseer word.

4.2.5 (Suikerriet/Mielies) word hoofsaaklik in KwaZulu-Natal geproduseer.

4.2.6 Die (primêre/sekondêre) sektor lewer die grootste bydrae tot die ekonomie van Suid-Afrika.

4.2.7 (Vryhandel/Proteksionisme) sal waarskynlik die plaaslike produksie laat daal en werkloosheid bewerkstellig.

4.2.8 Waarde wat deur middel van verwerking tot ŉ grondstof toegevoeg word, word (veredeling/genetiese modifikasie) genoem. (8)

EcoleBooks

4.3 FIGUUR 4.3 is ŉ spotprent oor landelike ontvolking.

4.3.1 Definieer die term *landelike ontvolking*. (1 x 1) (1)

4.3.2 Lys bewyse van ontvolking van die platteland wat in die spotprent vermeld word. (2 x 1) (2)

4.3.3 Wat is so ironies (teenoorgesteld in betekenis) aan die doel van die voëlverskrikker in die spotprent? (1 x 2) (2)

4.3.4 Noem die gebrek aan TWEE basiese dienste wat landelike ontvolking kan veroorsaak. (2 x 1) (2)

4.3.5 Bespreek die sosiale gevolge in landelike gebiede as gevolg van landelike ontvolking. (2 x 2) (4)

4.3.6 Verduidelik waarom die beleid van grondherverdeling slegs landelike ontvolking sal verhoog. (2 x 2) (4)



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



4.4 FIGUUR 4.4 is 'n foto oor 'n stedelike grondgebruiksone.

4.4.1 Wat is 'n stedelike *grondgebruiksone*? (1 x 1) (1)

4.4.2 Noem die stedelike grondgebruiksone in die foto. (1 x 1) (1)

4.4.3 Verskaf EEN gespesialiseerde vereiste vir hierdie grondgebruiksone sigbaar in die foto. (1 x 1) (1)

4.4.4 Bespreek waarom hierdie grondgebruiksone as 'n omgewings-ongeregtigheid gesien kan word. (2 x 2) (4)

4.4.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die versoenbaarheid tussen infrastruktuur en hierdie grondgebruiksone. (4 x 2) (8)

4.5 Verwys na FIGUUR 4.5, 'n uittreksel op die informele sektor gebaseer.

4.5.1 Hoeveel mense is werkloos, volgens die uittreksel? (1 x 1) (1)

4.5.2 Haal bewyse aan om te motiveer dat werkloosheid 'n ernstige probleem is. (1 x 1) (1)

4.5.3 Volgens die artikel, waarom is die informele sektor belangrik? (1 x 1) (1)

4.5.4 Bespreek sommige van die uitdagings wat deur die mense in die informele sektor ervaar word. (2 x 2) (4)

EcoleBooks

4.5.5 In 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls, verduidelik die negatiewe impak wat die informele sektor op die formele sektor het. (4 x 2) (8)

4.6 FIGUUR 4.6 is 'n kaart wat die kern industriële streke in Suid-Afrika aantoon.

4.6.1 Noem die kern industriële streek wat **3** genommer is. (1 x 1) (1)

4.6.2 Wat is die vernaamste liggingsverskil tussen industriële streke **1** en **4**? (1 x 2) (2)

4.6.3 Hoe het hierdie liggingsverskil (genoem in VRAAG 4.6.2) die hooftipe industrie wat by **4** ontwikkel word, beïnvloed? (1 x 2) (2)

4.6.4 Hoe het hierdie industrie (jou antwoord by VRAAG 4.6.3) die vaardighede van werkers in die streek verbeter? (1 x 2) (2)

4.6.5 Bespreek die fisiese (natuurlike) faktore wat die ontwikkeling van streek **1** bevoordeel het. (2 x 2) (4)

4.6.6 Verduidelik die negatiewe sosiale impak wat industriële sentralisasie op streke **1** en **4** gehad het. (2 x 2) (4)

**[75]**

**GROOTTOTAAL: 225**

Kopiereg voorbehou